

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Two

Die Patmos Visioen

Johannes Op Patmos (Openbaring 1: 9-20)

Openbaring 1: 9,

"Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van God, en om die getuienis van Jesus Christus."

Hierdie reeks van visioene van die Openbaring van die Persoon van Jesus Christus was aan Johannes gegee terwyl hy verban was na die Eiland van Patmos. Hierdie klein eiland is dertig myl weg van die kus van Klein Asië in die Aegeanse See. Dis klipperig en oortrek met slange, akkedisse en skerpioene, dit het min kommersiële waarde gehad, so dit was gebruik deur die Romeinse Ryk as 'n strafbare kolonie waar die meer kriminele, politieke prisoniers was.

Julle sal oplet dat Johannes homself voorgestel het aan die Christene as 'n broer in verdrukking. Dit was in hierdie tyd dat die vroeë kerk deur groot vervolgings gegaan het. Hulle godsdiens was nie net "oral teen gepraat" nie maar die mense self is gevange geneem en doodgemaak. Johannes, soos menigtes van ander, het nou tronkstraf gekry vir die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus. Toe hy gearresteer was, het hulle tevergeefs probeer om hom dood te maak deur hom vir vier-en-twintig uur in olie te kook. Die woedende en kragtlose offisiere het hom toe as 'n heks gevonnissen en na Patmos gestuur. Maar God was met hom, en hy was gespaar om die eiland te verlaat en terugtekeer na Efése waar hy weer as pastoor aangegaan het tot en met sy dood.

Die visioene wat Johannes gekry het was oor 'n tydperk van twee jaar, n.C. 95-96. Hulle is die mees ongelooflike van alle visioene in die Woord. Die hele boek is saamgestel in simbole, en daarom is dit die teken van baie kritiek en dispuut. Hoewel, dit het die seël van God daarop. Dit maak dit eg en van geweldige waarde aan almal wat dit lees of luister na die heilige bladsye.

In Die Gees Op Die Dag Van Die Here

Openbaring 1:10,

"Ek was in die Gees op die Dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin,"

"Ek was in die Gees." Is dit nie net pragtig nie? My, ek hou daarvan. Jy kan net daardie woorde noem: "Die alles van die Christelike lewe." As ons soos Christene gaan lewe, dan moet ons in SY Gees wees. Johannes het nie gepraat van om in sy eie gees te wees nie. Dit sou nie hierdie visioene gebring het nie. Dit moes die Gees van God wees. Dit moet die Gees van God met ons wees, ook, of anders is al ons pogings tevergeefs. Paulus het gesê: "Ek sal bid in die Gees, Ek sal in die Gees sing, Ek sal in die Gees lewe." As daar enigiets goed is wat na my toe sal kom moet dit geopenbaar word deur die Gees, bevestig word deur die Woord, en gemanifesteer word deur die resultate wat dit dra. So seker as wat Johannes in die Gees moes wees om hierdie ongelooflike openbarings vars te ontvang van Jesus, moet ons in die Gees wees om die openbarings te verstaan wat God aan ons gegee het waarvolgens ons moet leef in Sy Woord, want dit is dieselfde Gees.

Kyk daarna op hierdie manier. Te veel lees die Bybel waar dit in Handeling 2:38 sê,

"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

en gaan net reguit verby. Hulle sien dit nie. As hulle dit gesien het, as hulle die Gees kry, dan sou hulle weet dat as hulle die Heilige Gees wil ontvang, moet hulle hulle bekeer en gedoop word in die Naam van die Here Jesus en dan sou God pligsgebonde wees om Sy Woord te vervul deur hulle met die Heilige Gees te vervul. Hulle is nooit in Sy Gees nie of anders sou dit gebeur met hulle presies soos die Woord sê. Bid tot God vir 'n openbaring deur Sy Gees. Dit is die eerste stap. Kry jouself in die Gees.

Laat my net nog 'n illustrasie gebruik. Veronderstel jy het genesing nodig. Wat sê die Woord? Wel, ons het dit al menig maal gelees, maar het nie in die Gees gegaan toe ons dit gelees het nie. Het ons God gevra dat Sy Gees ons die regte waarheid daarvan moet leer? As ons het, dan sou ons die ouderlinge geroep het, ons sondes bely, gesalf word en voor gebid word, en dit sou dit wees. Dit mag dalk nie dadelik gebeur nie, maar in Sy Gees, is dit alles verby. Daar is geen ander hof om te appelleer

nie. God sal Sy Woord vervul. O, ons moet in die Gees kom, en dan sal dinge gebeur. MOENIE DEUR DIE HANDELINGE EERSTE GAAN NIE. KOM IN DIE GEES EN GAAN DAN DEUR DIE HANDELINGE EN KYK WAT GOD SAL DOEN.

Het julle ooit opgelet hoe die wêreld in die gees van die dinge raak wat in die wêreld is? Hulle gaan na hulle bal wedstryde, hulle sport gebeur, en hulle danse. Hulle gaan in die gees daarvan. Hulle sit nie daar soos blomme, ou gedroogde stokke nie. Hulle betrek hulleself in die gevoel van dinge en word 'n deel daarvan. Maar, o, hoe haat hulle die Christene wat in die Gees van God se Woord kom. Hulle noem ons fanaties en heilige maltrappe. Daar is niks wat hulle nie sal doen om hulle haat en afkeur te wys nie. Maar ignoreer dit. Jy kan dit verwag, wetende waar dit vandaan kom. Gaan net aan en gaan in die Gees van aanbidding.

Ons gees is skoon. Dit is vars. Dit is werklik. Dit is nugter en ernstig nietemin, vol van die vreugde van die Here. Die Christen behoort te wees net so oorvloedig en vol van sy plesier in die Here as wat die wêreld is wanneer dit genot smaak in sy plesiere. Beide Christene en die wêreld is menslik; beide het emosies. Die verskil is die Christen se hart en emosies is suiwer op die Here van Heerlikheid en Sy liefde, terwyl die wêreld die vlees tevrede stel.

Nou dit sê dat Johannes in die Gees was op die Here se Dag.

O, goeiste, hier is 'n vers wat regtig verdeeldheid veroorsaak. Nie dat dit nodig is, of behoort te wees nie, maar sommige sien nie wat die Woord regtig sê nie.

Eerste van alles kry ons 'n paar goeie mense wat die Here se Dag noem, die Sabbat Dag, wat vir hulle Saterdag is. Dan is daar die ander wat die Here se Dag noem, Sondag, die eerste dag van die week. Maar hoe kon dit enige van hierdie dae wees, of selfs die twee bymekaar gesit, want Johannes was in die Gees terwyl hy daardie visioene ontvang het vir 'n periode van twee jaar. Eintlik wat gebeur het was dat Johannes in die Gees opgevang was en is getranspoteer in die Here se Dag, wat nog moet kom. Die Bybel praat van die Dag van die Here wat in die toekoms is, en Johannes sien nou die dinge van daardie toekomstige dag. Maar in die tussen tyd, net om dit aan ons verstand duidelik te maak, laat ons uitvind presies wat die Sabbat vandag is.

Die Sabbat, soos ons dit weet van die Nuwe Testament af, is NIE om 'n sekere dag te onderhou nie. Ons het geen bevel hoegenaamd om Saterdag as 'n Sabbat te hou nie, nog het ons enige gebod om die eerste dag van die week te hou nie, wat Sondag is. Hier is die waarheid van die Sabbat, wat "rus" beteken. Hebreërs 4: 8: "Want as Jesus hulle laat rus het (of rusdag), dan sou Hy nie van 'n ander dag daarna gespreek het nie. Daar bly daarom 'n rus (Sabbat hou) aan die mense van God. Want hy wat in sy rus ingegaan het, hy het ook gerus van sy eie werke, soos God het van Syne." Het julle daardie sleutel frase in die laaste deel van die vers gehoor? "God het opgehou met Sy eie werke." God het vir Israel die sewende dag gegee vir hulle Sabbat, ter nagedagtenis aan Sy eie werk waarin Hy die wêreld en alles wat daarin was geskep het, en toe opgehou skep het. Hy het opgehou met Sy arbeid. Hy het gerus. Nou dit was goed om 'n Sabbat te gee vir mense wat almal in een plek op een slag was, sodat hulle almal 'n spesifieke dag kon hou. Vandag is helfte van die wêreld in lig terwyl die ander helfte in duisternis is, so dit sou glad nie werk nie. Maar dit is net 'n argument van die natuurlike.

Laat ons sien wat die Bybel ons leer van hierdie Sabbat rus. "Want hy wat in sy rus ingegaan het." Die ingaan in is nie net in nie, maar om in te bly, die rus. Dit is 'n ewigdurende rus waarvan die sewende dag 'n tipe is. Sewe is kompleet. Agt is die eerste dag weer. Jesus se opstanding was in die eerste dag van die week, het ons Ewige lewe gegee en Ewige Sabbat rus. So sien ons waarom God ons nie een sekere dag van die week kon gee as 'n Sabbat (rus) nie. Ons het ingegaan in en bly in ons rus, wat Israel nie kon doen nie, omdat hulle net 'n skadu van die ware stof het wat ons geniet. Waarom teruggaan na 'n skaduwee wanneer ons werklikheid nou het?

Hoe ons hierdie rus ontvang, of Sabbat aanhou, is met die uitnodiging van Jesus. Hy het in Mattheüs 11: 28,29 gesê,

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My,"

en julle sal rus vind (of die Sabbat hou, nie 'n dag nie, maar ewige lewe, Sabbat) vir julle siele."

Maak nie saak hoe lank jy gebuk gegaan het onder jou vrag van sonde nie, of dit tien jaar is, dertig jaar of vyftig jaar, of langer, kom met jou moeë vermoeiende lewe en jy sal Sy rus vind (die ware Sabbat) Jesus sal jou rus gee.

Nou presies wat is die rus wat Jesus sal gee? Jesaja 28:8-12,

"Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie.

Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil Hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is?

Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie daar 'n bietjie.

Ja, Hy sal deur lippe wat hakkkel, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk spreek.

Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus (Sabbat), gee rus aan die vermoedides (of onderhou van Sy Sabbat) en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie."

Hier is dit geprofeteer reg hier in Jesaja. En dit het gebeur omtrent 700 jaar later by Pinkster toe hulle almal gevul is met die Heilige Gees presies soos dit gesê was dat hulle sou wees. Hierdie is die ware Sabbat wat belowe is. Dus toe hulle gevul is met die Heilige Gees het hulle hulle wêreldse werke gelos, hulle wêreldse dae, hulle bose maniere. Die Heilige Gees het beheer geneem van hulle lewens. Hulle het in rus gegaan. Daar is jou rus. Dit is jou Sabbat. Dit is nie 'n dag, of 'n jaar nie, maar die Ewigheid gevul met en geseën in die Heilige Gees. Dit is jou ophou, en God wat doen. Dit is God in jou gewillig en doen met Sy goeie vreugde.

Laat my nog een opmerking maak omtrent die Saterdag-mense wat daarop aanspraak maak dat ons op die verkeerde dag van die week bymekaar kom wanneer ons op Sondag ontmoet, die eerste dag. Hier is wat Justin gesê het in die tweede eeu. "Op Sondag word 'n byeenkoms gehou vir almal wat in stede en dorpe woon, en 'n gedeelte is gelees van die gedenkskrifte van die apostels en die skrifte so lank as wat tyd toegelaat het. Wanneer die voorlesing klaar was, gee die president in 'n bespreking die aanmoediging om daardie edele dinge na te volg. Na dit staan ons almal op om gewone gebed te doen. Met die afsluiting van die gebed, soos ons beskryf het, word brood en wyn voor ons geplaas, en danksegging word gedoen en die gemeente antwoord, "Amen". Dan word die elemente onderverdeel aan elkeen en word geneem en uitgedeel aan die diakens wat die afwesige huise besoek. Die ryk en gewilliges gee dan 'n bydra volgens hulle vrye wil en hierdie kolleksie word aan die president oorgedra wat dit uitdeel aan weeskinders, weduwees, gevangenes, vreemdelinge in nood." Dus ons sien dat diegene wat aanspraak maak dat die vroeë kerk op die Joodse tradisie aangegaan het deur bymekaar te kom op die laaste dag van die week is absoluut onkundig van wat geskiedenis wys, en is nie waardig met vertrouwe nie.

O, dat mense na Hom toe mag kom en daardie rus vind. Daar is 'n uitroep in alle harte vir daardie rus maar die meerderheid weet nie die antwoord nie. So hulle probeer die uitroep stilmaak deur 'n godsdienstige proses deur sekere dae of om denominasionele leerstellings en dogmas te aanvaar. Maar hulle faal in dit, baie probeer drink, gefuif, en elke fisiese uitlaat, denkend dat deur wêreldse plesiere kan daar satisfaksie wees. Maar in dit is daar geen rus nie. Hulle rook en neem pille om hulle senuwees te kalmeer. Maar daar is geen rus in aardse drankies nie. Hulle het Jesus nodig. Hulle het die hemelse oplossing nodig, die rus van die Gees.

Dan gaan die meeste van hulle kerk toe op Sondag. Dit is goed behalwe selfs daar het hulle geen idee van hoe om God te benader en hoe om Hom te aanbid nie. Jesus het gesê dat ware aanbidding is in Gees en in waarheid, Johannes 4: 24. Maar watse soort aanbidding kan jy in 'n kerk kry wat so min van God weet dat dit 'n Sinterklaas op Kersfees en hasies met Paasfees sit? Waar het hulle dit gekry? Hulle het dit van die heidene gekry en het dit 'n deel van die kerk doktriene gemaak. Maar wanneer een draai na die Here en vervul is met die Heilige Gees laat staan hy alle sulke dinge. Hy het 'n rus in sy siel. Hy begin regtig te lewe, en het God lief en aanbid Hom.

Nou laat ons terugkeer na ons Skrif. Ons weet wat die Here se Dag nie is nie. As dit nie Saterdag of Sondag is nie, wat is dit? Wel, laat ons dit so stel. Vandag is sekerlik nie die Here se Dag nie. Hierdie is 'n man se dag. Dit is die mens se doenigheid, mens se werk, die mens se kerk, die mens se idee van aanbidding, die mens se alles, want dis mens se wêreld (kosmos). MAAR DIE DAG VAN DIE HERE GAAN KOM. Ja, dit is. Dit is net so dat op hierdie tyd van die Openbaring van Jesus Christus, is Johannes opgeneem deur die Gees en is vervoer deur die Gees na daardie Groot Dag wat gaan kom. Die Here se Dag is wanneer die dae van die mens verby is. Die koninkryke van hierdie wêreld sal dan die koninkryke word van ons God. Die dag van die Here is wanneer die oordeel val, en daarna kom die millennium. Reg nou doen die wêreld wat dit met die Christen wil doen. Hulle noem hom alle soorte van bose name, bespot hom. Maar daar kom daardie groot en merkwaardige dag wanneer hulle sal ween en huil, want die Lam kom in toorn om die wêreld te oordeel. Dit is wanneer die regverdige hulle dag sal hê met die Here, want die goddelose sal brand en die regverdiges sal oor hulle as loop in die millennium. Maleági 4:3,

"En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skeep, sê die Here van die leërskaar."

Die Stem Soos 'n Basuin

Openbaring 1:10,

... en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, Johannes was in die Gees, en toe hy was, het hy die groot en wonderlike dag van die Here Jesus gesien en al Sy heilige krag. Die toekoms was besig om te ontvou want God was reg om hom te leer. Johannes het nie gesê dit was 'n basuin nie. Dit was soos 'n basuin. Nou wanneer 'n basuin blaas het dit 'n dringendheid daaromtrent. Dit is soos die aankondiging, die koning se boodskapper, wat na die mense kom. Hy blaas op 'n basuin. Dit is 'n dringende bevel. Die mense vergader om te luister. (Israel was altyd bymekaar geroep deur die klank van 'n basuin.) Iets belangrik is op hande. "Luister daarna." So hierdie stem het dieselfde dringendheid gehad as wat die basuin het. Helder en sterk was dit, verbasend en ontwakend. O, dat ons die stem van God kan hoor as 'n basuin hierdie dag, want dit is die Evangelie Basuin wat die Woord van Profesie verkondig om ons bewus te maak, en voorberei vir, wat op die aarde gaan kom.

Die Bevel Om Te Skryf

Openbaring 1:11,

"wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die Eerste en die Laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Efése en Smirna en Pérgamus en Thiatire en Sardis en Filadelfia en Laodicea."

Hier is dit. Die Eerste en Laaste, die Alfa en Oméga, dis ALLES daarvan. Die een ware God. Die Stem en Woord van God. Realiteit en waarheid is op hande. Wat 'n ding is dit om in die Gees te wees. My, om in die teenwoordigheid van God te wees en van Hom te hoor... "Wat jy sien, skryf in 'n boek, en stuur dit na die sewe kerke." Die stem wat Sy Woord laat weerklink het in die Tuin van Eden en op die Berg Sinai, wie se stem ook in die wonderlike glorie van die Berg van Verheerliking gehoor is, het weereens weerklink, en hierdie keer vir die sewe kerke met 'n volledige en laaste openbaring van Jesus Christus.

"Skryf die visioene, Johannes. Maak 'n rekord van hulle vir die eeue wat sal volg, want hulle is die ware profesieë wat tot vervulling MOET kom. Skryf hulle en stuur hulle uit, maak hulle bekend."

Johannes het daardie stem herken. O, jy sal daardie stem herken wanneer Hy roep as jy een van Sy eie is.

Die Goue Kandelaars

Openbaring 1:12,

"Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gesprek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars."

Johannes sê nie dat hy omgedraai het om die een te sien wie se stem hy gehoor het nie, maar hy het omgedraai om die stem te sien. O, ek hou daarvan. Hy het omgedraai om die stem te sien. Die stem en die persoon is een en dieselfde. Jesus is die WOORD. Johannes 1:1-3,

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Hy was in die begin by God.

Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."

As jy ooit die Woord regtig kan sien dan sal jy Jesus sien.

Toe Johannes omgedraai het, het hy sewe goue kandelare gesien. Eintlik was hulle lampstaanders. En volgens vers 20, is hulle die sewe kerke: "die sewe kandelare wat jy gesien het is die sewe kerke." Om die kerke te verteenwoordig kon hulle nouliks kerse gewees het. 'n Kers brand 'n rukkie en dan brand dit uit. Dit sterf. Daar sal nouliks meer daaraan wees. Maar lampstaanders besit 'n blywende kwaliteit wat nie gevind word in kerse nie.

As julle 'n pragtige prentjie van die lamp wil hê, lees daarvan in Sagaria 4:1-6,

"En die engel wat met my gepraat het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word.

En het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype

loop na die lampe wat bo-oor hom is.

Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.

Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer?

En die engel wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê, Nee my heer.

Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die Here aan Serubbabel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leerskare.

Hier is nog 'n lamp van suiwer goud. Dit brand helder omdat dit baie olie het wat dit van die twee olyfbome kry, wat aan elke kant staan. Die twee bome verteenwoordig die Ou en Nuwe Testament, en natuurlik die olie tipeer die Heilige Gees, Wat alleen die lig van God kan gee aan die mense. Die engel wat gepraat het met Sagaria was besig om te sê "hierdie wat julle sien beteken dat die kerk niks kan bereik met sy eie mag of krag nie, behalwe deur die Heilige Gees."

Nou ondersoek hierdie lampstaander. Julle sal oplet dat dit 'n groot bak het, of reservoir, wat sentraal is tot sewe arms wat daaruit gaan. Hierdie bak is gevul met olyfolie wat vloei deur die sewe pitte wat in die sewe arms geplaas word. Dit is dieselfde olie wat brand en 'n lig aan die einde van die sewe pype maak. Hierdie lig het nooit uitgegaan nie. Die priesters het net meer olie in die bak gegooi.

Die lamp is op 'n spesiale manier aangesteek. Eerste, het die priester vuur gevat van die heilige altaar wat oorspronklik aangesteek was deur die vuur van God. Hy het, eerste van alles, die lamp wat op die bak was, aangesteek. Hy het dan die tweede lamp aangesteek van die vlam van die eerste lamp. Die derde lamp het sy vuur ontvang van die tweede lamp, soos die vierde syne ontvang het van die derde, en so aan, tot al die sewe lampe gebrand het. Hierdie heilige vuur van die altaar, wat gegaan het van lamp na lamp, is 'n wonderlike tipe van die Heilige Gees in die sewe Kerkeue. Die oorspronklike uitstorting van Pinkster (waar die uitstorting direk van Jesus op die Genadetroon gekom het) staan uit in Sy Kerk deur al die sewe eeue, en wys perfek dat Jesus Christus dieselfde is gister, en vandag, en tot in ewigheid, die nooit veranderde God in Sy wese en in Sy weë.

In Johannes 15, het Jesus gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die takke." Hy is die hoof Wynstok, dit wat uit die oorspronklike wortel van die oorspronklike saad kom wat die lewe daarin het. Nou die wynstok dra nie vrugte nie; dit is die takke wat dit doen. Nou kyk hierna: Jy kan 'n sitrusboom neem soos 'n lemoenboom, en daarin 'n pomelotak inent, 'n suurlemoentak, 'n naartjietak, en ander soorte van daardie verskeidenheid, en al daardie takke sal groei. Maar daardie ingeënte lote sal nie lemoene dra nie. Nee meneer. Die suurlemoentak sal suurlemoene dra, en die pomelotak sal pomelos dra en so aan. Tog sal daardie takke lewe van die lewe in die boom. Maar as daardie boom ooit nog 'n tak van sigself voortbring sal dit 'n lemoentak wees en dit sal lemoene dra. Hoekom? Omdat die lewe in die tak en die lewe in die stam is identies maar nie so met die geënte takke nie. Daardie geënte lote het hulle bronne in ander soort lewe van ander bome gehad, van ander wortels, van ander sade. O, hulle sal vrugte dra, maar hulle sal nie lemoene dra nie. Hulle kan nie omdat hulle nie die oorspronklike is nie.

Dis hoe die kerk is. Die wynstok het verdeel en takke is ingeënt. Hulle het Baptiste takke, Metodiste takke, Presbiteriaanse takke, en Pinkster takke ingeënt. En daardie takke dra Baptiste, Methodis, Pinkster, en Presbiteriaanse vrugte. (Denominasie sade waarvan hulle hulle vrugte produseer.) Maar as die wynstok ooit 'n ander loot van homself voortbring, sal daardie loot presies soos die wynstok wees. Dit sal dieselfde soort tak wees wat voortgebring is by Pinkster. Dit sal in tale spreek, profeteer, en sal die krag hê en tekens van die opgewekte Jesus Christus daarin. Hoekom? Want dit floreer op die natuurlike bronne van die wynstok self. Jy sien, dit was nie geënt in die wynstok nie; dit was GEBORE in die wynstok. Toe daardie ander takke daarop geënt is, al wat hulle kon doen was om hulle eie vrugte te dra want hulle was nie gebore uit daardie wynstok nie. Hulle weet nie van daardie oorspronklike lewe en oorspronklike vrugte nie. Hulle kan nie weet nie want hulle is nie daarin gebore nie. Maar as hulle daarvan gebore was, daardie selfde lewe wat in die oorspronklike stam was (Jesus) sou deur hulle gekom het en gemanifesteer wees in hulle. Johannes 14:12,

"Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo-die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit; omdat Ek na my Vader gaan."

Denominasies wat deur mens gelei is kan nie uit God gebore wees nie; want dit is die Gees, NIE MENS, wat lewe gee.

Hoe wonderlik is dit om te dink aan daardie sewe lampe wat lewe en lig kry van die hulpbron van daardie hoofbak omdat hulle hulle pitte daarin gehad het. Elke kerkeue se boodskapper is hier geskets. Sy lewe is aan die brand met die Heilige Gees. Sy pit (lewe) is onderdompel in Christus. Deur die pit trek

hy die einste lewe van Christus, en daardeur gee dit lig uit vir die kerk. Watter soort lig gee hy? Die einste selfde lig wat in die eerste lamp was wat aangesteek was. En regdeur die eeue tot hierdie dag van die laaste boodskapper is dieselfde lewe en dieselfde lig gemanifesteer deur 'n lewe wat verberg is met Christus in God.

Ons kan nie net so praat van die boodskappers nie, maar elke ware gelowige is dramaties hier beskryf. Hulle trek almal van dieselfde bron. Hulle almal was in dieselfde bak gedompel. Hulle is dood vir hulleself en hulle lewens is verberg met Christus in God. Hulle is ingeseël deur die Heilige Gees. Efesiërs 4:30,

"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."

Niemand kan hulle uit Sy hand pluk nie. Hulle lewens kan nie mee gepeuter word nie. Die sigbare lewe brand en skyn, en gee lig en manifestasies van die Heilige Gees. Die binneste, onsigbare lewe is in God verberg en word gevoer deur die Here se Woord. Satan kan hulle nie aanraak nie. Nie eens die dood kan hulle aanraak nie, want dood het sy angel verloor; die graf het sy oorwinning verloor. Dank aan God, hulle het hierdie oorwinning in en deur die Here Jesus Christus. Amen en amen.

Nie Langer Die Priester Nie

Openbaring 1:13,

"En tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel."

Daar staan Hy, Een soos die Seun van die Mens. Soos die juweel mooi gemaak word deur die montering van die ring, so word Hy verheerlik in die middel van die kerke. Dit is die Here se Dag; want Johannes sien Hom staan, nie as 'n priester nie, maar as die komende Regter. Die goue gordel is nie meer vas om die middellyf waar die priester dit moet dra soos hy teenoor God in die Allerheiligste preek nie, maar dit is nou rondom Sy skouers, want Hy is nie nou die priester nie maar die REGTER. Nou is Johannes 5:22 vervul,

"Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,"

Sy diens is gelewer. Die priesterskap is verby. Die dae van die profesie is klaar. Hy staan omgord as die REGTER.

Die Sewevoudige Heerlikheid Van Sy Persoon

Openbaring 1:14-16,

"Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë soos 'n vuurvlam, en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters."

En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag."

Hoe diep roerend en inspireerend was die verskyning van Jesus aan Johannes, wie in ballingskap was vir die saak van die Woord, en kyk, die Lewende WOORD staan nou voor hom. Wat 'n verligte visioen, elke beskrywende eienskap het 'n betekenis. Wat 'n openbaring van Sy glorieryke Wese.

1. Sy Hare so Wit soos Sneeu.

Johannes let eerste op en noem die witheid van Sy hare. Dit was wit, en so helder soos sneeu. Dit was nie as gevolg van Sy ouderdom nie. O, nee. The glinsterende wit hare dui nie op ouderdom nie maar ondervinding, volwassenheid en wysheid. Die Ewige Een word nie oud nie. Wat is tyd vir God? Tyd beteken min vir God, maar wysheid beteken baie. Dit is soos toe Salomo na God geroep het vir wysheid om die mense van Israel te oordeel. Nou sal Hy kom, die Regter van die hele aarde. Hy sal gekroon word met wysheid. Dit is wat die wit en glinsterende hare wys. Kyk hierna in Daniël 7:9-14,

"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur."

'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen."

Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.

Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontnem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur.

Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Daar is dit. Daniël het Hom met daardie wit hare gesien. Hy was die Regter wat die boeke oopmaak en uit hulle geoordeel het. Daniël het Hom in wolke gesien aankom. Dit is presies wat Johannes gesien het. Hulle het Hom albei dieselfde gesien. Hulle het die Regter gesien met Sy oordeel gordel oor Sy skouers, het suiwer en heilig gestaan, vol van wysheid, ten volle gekwalifiseer om die wêreld in geregtigheid te oordeel. Halleluja.

Selfs die wêreld verstaan hierdie simboliek, want in die geskiedenis sou die regter verskyn en die hof byeenroep, geklee in 'n wit pruik en 'n lang kleed wat sy volledige outoriteit aangedui het (kop tot voet geklee) om geregtigheid uit te vind.

2. Sy Oë soos Vuur.

Dink daaraan. Daardie oë wat eenmaal dof was met trane van smart en deernis. Daardie oë wat gehuil het met medelye by die graf van Lasarus. Daardie oë wat nie die boosheid gesien het van die moordenaars wat Hom aan 'n kruis gehang het nie maar het in smart gehuil: "Vader vergewe hulle." Nou is die oë 'n vlam van vuur, die oë van die Regter Wie hulle wat Hom verwerp het sal vergeld.

Van al die menslike emosies waarin Hy die meeste gemanifesteer is was toe Hy verskyn het as die Seun van die Mens en dit was hierdie een, Hy het dikwels gehuil. Tog agter daardie smart en ween was daar steeds God.

Daardie selfde oë het visioene gesien. Hulle het diep gekyk in die harte van mense en hulle einste gedagtes gelees en het al hulle verskillende maniere geken. Vuurgloed uit menslike oë was God, Wie geroep het na hulle wat Hom nie geken het vir wat Hy was nie: "As julle nie glo dat Ek Hy is nie, sal julle sterf in julle sondes." Johannes 8:24.

"As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet julle My nie glo nie; maar as Ek dit doen (die werke van My Vader), al glo julle My nie, glo die werke..."

Johannes 10:37,38. Soos Jeremia van ouds, Hy was die treurende profeet, want mense het nie die Woord van God ontvang nie en het die openbaring eenkant gegooi.

Daardie vurige brandende oë van die Regter is selfs nou besig om 'n opname te maak van die lewens van alle vlees. Beweeg heen-en-weer dwarsoor die aarde, daar is niks wat Hy nie weet nie. Hy ken die begeertes van die hart en wat elkeen van plan is om te doen. Daar is niks wat nie sal geopenbaar word nie, want alle dinge is nakend voor Hom met Wie ons te doen het. Dink daaraan, Hy weet selfs nou wat jy dink.

Ja, daar staan Hy as Regter met brandende oë om oordeel te vel. Die dag van genade is verby. O, dat mense mag bekeer en Sy gesig soek in geregtigheid terwyl daar nog tyd is. Dat hulle dalk Sy bors hulle kussing sal maak voor die wêreld in vuur opgaan.

3. Die Voete van Koper.

"en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond," Koper is bekend vir sy ongelooflike hardheid. Daar is niks wat bekend is wat jy daarby kan sit om dit te temper nie. Maar hierdie koper wat Sy voete beskryf is nog meer merkwaardig in die feit dat dit die toets van die vuuroidoel is, 'n toets wat geen ander een deurgegaan het nie. En dit is presies reg. Want koper dui Goddelike Oordeel aan: 'n oordeel wat God verorden en vervul het. Johannes 3:14-19,

"En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word,

sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat

elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.

En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig, want hulle werke was boos.

Númeri 21:8, 9,

"Daarop sê die Here aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe.

Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly."

Israel het gesondig. Sonde moes geoordeel word. Toe het God vir Moses beveel om 'n koperagtige slang op 'n paal te sit, en hy wat gekyk het is gered van die straf van sy sonde.

Die koperslang op die paal het sonde van die Tuin van Eden gesimboliseer, waar die slang Eva mislei het, en veroorsaak het dat sy gesondig het. Koper praat van oordeel, soos gesien in die koperaltaar waar die straf vir sonde geeëndig het met die offerhande op die altaar. Toe God Israel geoordeel het vir haar sonde in die dae van Elía, het Hy die reën teruggehou en die vurige hemel het soos koper geword. Nou in hierdie illustrasie sien ons dat die slang op die paal verteenwoordig 'n sonde wat alreeds geoordeel is, want dit is gemaak uit koper, en dit wys dat Goddelike oordeel alreeds geval het op sonde. Dan wie ookal gekyk het na die slang op die paal, die betekenis daarvan aangeneem het, het gesond geword, want dit was die werk of redding van die Here.

Die slang op die paal is 'n tipe van wat Jesus gekom het om te volbring hier op aarde. Hy het vlees geword om op Homself die oordeel te kan neem van God vir sonde. Die fondasie van die altaar van offerhande was soliede koper, wat die Lam geslag tipeer van voor die grondlegging van die wêreld af. Oordeel het alreeds op Hom gegaan al was daar nog geen sondaars nie. Verlossing is geheel van die Here, Hy trap die wynpers van die verbete toorn van God alleen uit. Sy gewaad was dieprooi gekleur met Sy eie bloed. Die vurige oond van die regverdige oordeel en toorn van God was Sy deel. Hy het gely, die regverdige vir die onregverdige.

"U is waardig, O Lam van God, want U het ons verlos deur U eie bloed."

"Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Die Here het op Hom die ongeregtigheid van ons almal gelê. Hy het gely soos geen mens ooit gely het nie. Selfs voor die kruis het Hy groot druppels van sweet soos bloed gestort deur Sy liggaam van die intense foltering van dit wat voorlê dat die bloed in Sy are geskei het. Lukas 22:44,

"En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en Sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val."

Maar een dag sal daardie voete van brons op die aarde staan. En die Regter van die hele aarde sal Hy wees, en met onpartydigheid en volmaaktheid sal Hy die mensdom oordeel. En daar sal geen wegom kans wees vir die oordeel nie. Geen draai van daardie geregtigheid. Daar sal geen verandering daarvan wees nie. Hy wat onregverdig is sal steeds onregverdig wees; hy wat vuil is sal steeds vuil wees. Die Onveranderlike Een sal nie dan verander nie, want Hy het nooit en sal nooit. Daardie voete van brons sal die vyand verpletter. Hulle sal die Antichris verdelg, die dier en die beeld en alles wat onwaardig is in Sy oë, vernietig. Hy sal die kerkorganisasies vernietig wat sy Naam gebruik het net om die glans te bederf en hulle vergruis saam met die antichris. Al die bose, die ateïste, die skeptiese, die moderne, die liberale, sal almal daar wees. Dood, hel, en die graf sal daar wees. Ja hulle sal. Want wanneer Hy kom, sal die boeke oopgemaak word. Dit is wanneer selfs die louwarm kerk en die vyf dwase maagde sal verskyn. Hy sal die skape van die bokke skei. Wanneer Hy kom sal Hy die koninkryk oorneem, want dit is Syne, en saam met Hom sal die duisende maal tienduisende wees, Sy Bruid, wat kom om Hom te bedien. Glorie! O, dit is nou of nooit. Bekeer voor dit te laat is. Word wakker onder die dooies en soek God om gevul te word met Sy Gees of jy sal die ewige lewe mis. Doen dit nou terwyl daar nog tyd is.

4. Sy Stem Was soos die Klank van Baie Waters.

Nou wat verteenwoordig die waters? Hoor dit in Openbaring 17:15,

"Die waters wat jy gesien het,... is volke en menigtes en nasies, en tale."

Sy stem was soos die klank van menigtes wat spreek. Wat is dit? Dit is die oordeel. Want hiërdie is die stemme van die menigtes van getuies, wat deur die Heilige Gees deur al die eeue getuig het vir Christus en Sy Evangelie gepreek het. Dit sal die stem van elke mens wees wat opstaan in oordeel teen die sondaar wat nie geluister het na waarskuwings nie. Die stemme van die sewe boodskappers sal luid en duidelik gehoor word. Daardie geloofwaardige predikers wat die reddings krag van Jesus verkondig het, wat waterdoop in Jesus se Naam gepreek het, wat die vul en krag van die Heilige Gees gepreek het, wat meer by die Woord gestaan het as wat hulle gestaan het vir hulle eie lewens; almal van hulle was die stem van Jesus Christus deur die Heilige Gees deur die eeue heen. Johannes 17:20,

"Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo."

Het jy ooit gedink hoe verskriklik dit vir 'n mens is om hulpeloos te dryf na 'n waterval? Dink nou aan daardie dreuning soos hy nader kom aan sy seker dood. En net presies soos dit kom die dag van oordeel wanneer die dreuning van die menigte van stemme wat jou veroordeel omdat jy nie geluister het voor dit te laat was nie. Wees gewaarsku, hierdie einste uur. Want op hierdie oomblik word julle gedagtes in die hemel aangeteken. Daar spreek jou gedagtes harder as jou woorde. Soos die Fariseër wat soveel met sy mond voorgegee het, maar nie geluister het na die Here nie, sy hart het korrup en boos geword tot dit te laat was, selfs nou kan dit jou laaste oproep wees om die Woord te hoor en dit te ontvang tot die Ewige lewe. Dit sal te laat wees wanneer jy die gedruis van die baie stemme van oordeel en vonnis nader.

Maar het julle al ooit opgelet hoe soet en ontspannend die klank van water kan wees? Ek hou daarvan om vis te vang, en ek hou daarvan om 'n plekkie te kry waar die water fluister in die kabbels. Ek kan net terug lê en hoor dit spreek vrede en genot en tevredenheid in my hart. Hoe bly is ek om geanker te wees in die hawe van rus waar die stem van die Here vrede praat, soos die Woord van die waters van skeiding gespreek het. Hoe dankbaar behoort ons te wees om Sy stem van liefde en sorg en raadgever en beskerming te hoor. En eendag sal ons dieselfde soet stem hoor spreek, nie in oordeel nie, maar in verwelkoming vir ons wie se sondes vergewe is deur Sy bloed, wie se lewens Gees-gevol is, en wie se wandel in Sy Woord was. Wat kan meer kosbaar wees as om die menigtes met verwelkomende stemme te hoor en omsingel te wees deur daardie menigtes wat geglo het tot die ewige lewe? O, daar is niks soos dit nie. Ek bid dat jy Sy stem sal hoor en nie jou hart verhard nie, maar Hom as jou Koning ontvang.

O, as jy dit net kon sien. Dit was die waters wat die wêreld vernietig het, maar dit was dieselfde waters wat Noag gered het en ook die hele aarde vir Noag gered het. Luister na Sy stem, die stem van Sy diensknegte, soos dit roep tot bekering en lewe.

5. In Sy Regter Hand was Sewe Sterre.

"En Hy het in Sy regterhand sewe sterre gehad." Nou natuurlik weet ons alreeds van vers twintig wat die sewe sterre werklik is. "En die verborgenheid van die sewe sterre is die engele (boodskappers) van die sewe kerke." Nou ons kan nie hier 'n fout maak enigsins nie, want Hy interpreteer dit vir ons. Hierdie sewe sterre is die boodskappers van die sewe agtereenvolgende kerke. Hulle word nie by naam genoem nie. Hulle word net uiteengesit as sewe, een vir elke eeu. Van die Efésiëse Eeu af tot hierdie Laodicese Eeu het elke boodskapper die boodskap van die waarheid gebring tot die mense, nooit gefaal om dit te hou nie die Woord van God vir daardie spesifieke kerke. Elke een het gehou daarby. Hulle was standvastig in hulle lojaliteit aan die oorspronklike lig. Soos elke eeu van God weggetrek het, het Sy getroue boodskapper daardie eeu terug gedraai na die Woord. Hulle krag was van die Here of hulle sou nooit die vloed kon teengehou nie. Hulle was veilig in Sy sorg, want niks kon hulle uit Sy hand pluk nie, nog kon enigiets hulle skei van die liefde van God nie, of dit siekte was, gevaar, naaktheid, hongersnood, swaard, lewe of dood. Hulle was waarlik oorgegee aan Hom en behou deur Sy almag. Hulle was nie besorg oor die vervolging wat oor hulle pad gekom het nie. Pyn en bespotting was maar die rede om die eer te gee aan God dat hulle waardig geag was om vir Hom te ly. En in dankbaarheid vir Sy redding het hulle gebrand met die lig van Sy lewe en het Sy liefde gereflekteer, geduld, sagmoedigheid, selfbeheersing, getrouheid. En God het hulle ondersteun met wonders, tekens, en wonderwerke. Hulle was beskuldig as fanaties, en heilige maltrappe. Hulle is veroordeel deur organisasies en 'n bespotting geag, maar hulle het getrou gebly aan die Woord.

Nou dit is nie moeilik om op te staan en getrou te bly aan 'n geloofsbelydenis nie. Dit is maklik, want die Duiwel is reg agter dit alles. Maar dit is iets heeltemal anders om getrou te wees aan God se Woord en terug te gaan na dit wat die Woord voortgebring het na Pinkster.

Nie lank gelede het 'n man vir my gesê dat die Rooms Katolieke kerk die ware kerk moes wees omdat dit getrou was aan dit wat hulle geglo het al die jare, en aangehou groei het en nie verander het nie. Dit is glad nie so nie. Enige kerk met die regering daaragter, en met sy eie geloofsleerstellings wat glad nie die Woord is nie, en met geen gemanifesteerde bediening om die Duiwel op te wek nie, kon sekerlik voortgaan. Dit was nie 'n maatstaf nie. Maar wanneer julle dink aan daardie groepie wie se lidmate in twee gesaag was, en vir die leeuus gevoer is, vervolgd en gedryf herwaarts en derwaarts en tog getrou

gebly het aan die Woord - nou verseker dit moes God gewees het. Hoe hulle hulle stryd van geloof oorleef en steeds aangegaan het: DIT is 'n wonderwerk.

En hierdie vertroosting is nie net vir die sewe kerke boodskappers nie. Elke ware gelowige is in die hand van God en kan uit Sy liefde en krag trek, en die volle voordeel trek van alles wat God is vir die gelowige. Wat God aan die boodskapper gee, en hoe Hy die boodskapper seën en gebruik, is 'n voorbeeld vir alle gelowiges van Sy goedheid en sorg aan AL die lidmate van Sy liggaam. Amen.

6. Die Twee-snyende Swaard.

"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard,"

Hebreërs 4:12,

"Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Uit Sy mond het die skerp tweesnydende swaard gegaan wat die WOORD VAN GOD is. Openbaring 19:11-16,

"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer; en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is, KONING VAN DIE KONINGS, EN DIE HERE VAN DIE HERE."

Johannes 1:48,

"Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien."

Daar is dit. Wanneer Hy kom, sal daardie Woord teen alle nasies en alle mense kom. En geen sal in staat wees om daarteen te staan nie. Dit sal openbaar wat in elke hart was soos Hy met Natánael gedoen het. Die Woord van God sal wys wie die wil van God gedoen het en wie nie. Dit sal die geheime van elke mens bekend maak en waarom hy dit gedoen het. Dit sal van mekaar afskei. Dit is wat dit sê in Romeine 2:3,

"En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?"

Dan gaan dit voort om te sê hoe God mense gaan oordeel. Hier is dit in vers 5 tot 17. Die harde onbekeerlike hart sal geoordeel word. Die werke sal geoordeel word. Die motiewe sal geoordeel word. Daar sal nie enige respek voor God wees nie; maar almal sal geoordeel word volgens daardie Woord, niemand sal dit ontsnap nie. Hulle wat gehoor en nie wou luister nie sal geoordeel word deur wat hulle gehoor het. Hulle wat daarin rus en sê dat hulle dit geglo het, maar dit nie gelewe het nie, sal geoordeel word. Elke geheim sal uitkom in die openbaar en geskree word van die dakke. O, ons sal dan regtig geskiedenis verstaan. Daar sal nie 'n verborgenheid oor wees van al die eeue af nie.

Maar weet julle dat Hy die harts geheime van mans en vroue in hierdie tydperk openbaar waarin ons lewe? Wie anders kan die geheime van die hart openbaar behalwe die Woord, Homself? Hebreërs 4:12,

"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Dit is die Woord. Dit volbring waarvoor Dit gestuur was, want Dit (die Woord) is vol krag. Dit is dieselfde Gees wat in Jesus was (die Woord) wat weer teenwoordig is in die kerk in hierdie laaste eeu as

'n laaste teken wat probeer om die mense van die oordeel af te hou, want hulle wat Hom verwerp (die Woord) het nou alreeds in die oordeel gekom, Hom opnuut gekruisig. Hebreërs 6:6,

“en afvallig geword het-om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer gekruisig en openlik tot skande maak.”

Nou Paulus het gesê dat die Woord in krag sowel as stem gekom het. Die Woord gepreek het werklik homself bewys. Soos 'n vlamme, snydende swaard het dit na die gewete van mense gegaan, en soos 'n dokter se mes het dit gesny in die siektes en gevangenis bevry. Oral waar daardie vroeë gelowiges gegaan het, “het hulle die Evangelie gepreek (Woord) en God het daardie Woord bevestig met tekens wat volg.” Die siekes is genees, duiwels is uitgedryf, en hulle het in nuwe tale gepraat. Dit was die Woord in aksie. Daardie Woord het nooit gefaal in die monde van Christene wat glo nie. En in hierdie laaste eeu is dit hier sterker en groter as ooit in die ware Woord bruid. O, klein kudde, julle klein minderheid, hou vas aan die Woord, vul julle monde en julle harte met dit, en eendag sal God julle die koninkryk gee.

7. Sy Gesig Soos Die Son.

“en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.”

Mattheus 17:1-13,

“En na ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring.”

En Hy het voor hulle van gedaante verander, en Sy aangesig het geblink soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig.

En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom.

Toe begin Petrus vir Jesus te sê: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte vir U een en vir Moses een en een vir Elía.

Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. Luister na Hom!

En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hulle aangesig geval en was baie bevrees.

En Jesus het het nader gekom en hulle aangeraak en gesê: Staan op en moenie vrees nie.

Toe slaan hulle hul oë op en sien niemand meer nie, behalwe Jesus alleen.

En onderwyl hulle van die berg af klim het, het Jesus hulle bevel gegee en gesê: Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie.

En Sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom?

En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel.

maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly.

Toe verstaan die dissipels dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het.

Nou in Mattheüs 16:28, inleiding van 17:1-13, het Jesus gesê,

“Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.

En die drie apostels het net dit gesien - die orde van Sy tweede koms. Hulle het Hom daar op die berg gesien gedaante verander. Sy klere was skitterwit en Sy gesig het geskyn soos die son by sy hoogtepunt. En daar soos Hy verskyn het, het Moses gestaan en Elía aan weerskante. Dit is presies hoe Hy weer gaan kom. Waarlik Elía sal eers kom en die harte van die kinders (bruid) terugdraai na die vaders se Apostoliese Woord Doktriene. Maleági 4:5,6

“Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek:

En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Israel is alreeds 'n nasie. Sy is nou gevestig met haar leërmagte, vloot, posstelsel, vlag, en alles wat betrekking het tot 'n nasie. Maar daar is steeds nog die Skrif om te vervul wat sê: "...of sal 'n nasie dadelik gebore word?..." Jesaja, 66:8. Daardie dag kom spoedig. Die vyeboom het gebot. Die Israëliete wag vir die Messias. Hulle verwag Hom en hulle verwagtinge is op die punt om vervul te word. Israel sal weer gebore word Geestelik, want haar Lig en haar Lewe is op die punt om aan haar geopenbaar te word.

In Openbaring 21:23,

"En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp."

Hierdie is die Nuwe Jerusalem. Die Lam sal in daardie stad wees, en as gevolg van Sy teenwoordigheid, sal daar geen lig nodig wees nie. Die son sal nie opkom en daar skyn nie, want Hy is die Son en Lig daarvan, Homself. Die nasies wat daarin kom sal in Sy lig wandel. Is julle nie bly dat daardie dag naby is nie? Johannes het daardie dag gesien. Eweneens, Here Jesus, kom vinnig!

Maleági 4:1-3,

"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leerskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.

Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skeep, sê die Here van die Leerskare.

Daar is dit weer. Die SON wat skyn in al sy krag. O, die krag van die Seun van God wat skyn in die middel van die sewe goue kandelare. Daar staan Hy, die Regter, die Een wat gely en vir ons gesterf het. Hy het die toorn van Goddelike oordeel op Homself geneem. Hy trap die parskuip van die grimmigheid en van die toorn van God alleen. Soos ons alreeds gemeld het, vir die sondaar is Sy stem soos die klank van die waterval of die branders wat maal in golwe van dood op die rotsagtige kus. Maar vir die heilige, is Sy stem soos die klank van die sagte klank van die waterstroom soos jy lê om te rus, tevrede in Christus. Skyn op ons met Sy warm strale van liefde en Hy sê: "Vrees nie, Ek is Hy Wat Was, Wat Is, Wat Moet Kom; Ek is die Almagtige. Naas My is daar geen ander. Ek is die Alfa en Oméga, die ALLES daarvan." Hy's die Lelie van die Dal, die Blink Môrester. Hy's die beste van tienduizend vir my siel. Ja, daardie groot dag is gereed om te breek en die Son van Geregtigheid sal met genesing in Sy vlerke opstaan.

Die Oorwinnende Christus

Openbaring 1:17,18,

"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

Geen menslike wese kon die volle effek van daardie visioen staan nie. Sy krag heeltemal weg, Johannes het aan Sy voete geval asof dood. Maar die hand van die Here het hom in liefde aangeraak, en die stem van seëning het gesê: "Vrees nie. Moet nie bang wees nie. Ek is die Eerste en Laaste. Ek is Hy wat leef, en wat dood was; en, kyk Ek is lewend vir ewig." Wat is daar om te vrees? Die oordeel wat op Hom geval het aan die kruis, by die graf, en toe Hy neergedaal het, was vir ons. Hy het die volle heftigheid van die wond van sonde gevat en daarom nou is daar geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie. Sien vir 'n borg ons "Prokureur" is ons "Regter". Hy is beide "Prokureur" en "Regter." As Regter is die "saak verreken" - dit is volbring. Daar is daarom nou geen veroordeling nie. Hoekom sal die kerk dan vrees? Watter belofte het Hy ooit gemaak om te manifesteer voor ons? Hoekom sal dit bang wees vir straf of dood? Dit was alles oorwin. Hier is die magtige oorwinnaar. Hier is die Een Wie beide wêreld van die sigbare en onsigbare oorwin het. Nie soos Alexander, wie die wêreld oorwin het op die ouderdom van drie-en-dertig en geen ander manier geweet het om te draai vir verdere oorwinnings nie, so hy het 'n slagoffer van sonde gesterf en wilde lewe. Nie soos Napoleon, wie die hele Europa oorwin het maar met Waterloo verslaan is en na Elba weggestuur, net om homself oorwonne te vind. Maar niks kon Christus oorwin nie. Hy wat neergedaal het het nou opgevaar oor almal, en aan Hom is 'n Naam gegee wat bo elke naam is. Ja, Hy het dood oorwin, hel, en die graf, en het die sleutels daarvan. Wat Hy losmaak is los, en wat Hy bind is gebind. Daar is geen verandering daarvan nie. Daar was geen oorwinnaar voor Hom en daar is geen naas Hom nie. Hy alleen is die Saligmaker, Verlosser. Hy is die ENIGSTE God: en "Here Jesus Christus" is Sy Naam.

"Moenie vrees nie, Johannes. Moenie vrees nie, klein kudde. Alles wat ek is, is jy erfgenaam van. Al my krag is joune. My almagtigheid is joune soos ek in julle midde staan. Ek het nie gekom om vrees en mislukking te bring nie, maar liefde en moed en vermoë. Alle krag is aan My gegee en dit is joune om te gebruik. U spreek die Woord en ek sal dit doen. Dit is My verbond en dit kan nooit faal nie."

Die Sewe Sterre En Kandellare

Openbaring 1:20,

"die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele (boodskappers) van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes."

Ons het alreeds die waarheid van hierdie twee verborgenhede ontdek. O, ons het nie geopenbaar wie hierdie sewe boodskappers was nie, maar deur die hulp van God sal ons en daardie verborgenheid sal volbring word. Die sewe eeue weet ons. Hulle is in die Woord geskryf, en ons sal met elke een deel om te kom by hierdie laaste eeu waarin ons lewe.

Maar in een laaste afsluitblik van hierdie hoofstuk, sien Hom soos Hy daar staan in die middel van die goue kandellare met die sewe sterre in Sy regterhand. O, dit is asemrowend om Hom daar te sien staan in Sy Oppermagtige Godheid. Hy is die Regter, die Priester, die Koning, die Arend, die Lam, die Leeu, die Alfa, die Omega, die Begin en die Einde, die Vader, Seun, Heilige Gees, Hy wat Was, Hy Wat Is, Wat sal Kom, die Almagtige, die ALLES IN ALLES. Daar is Hy, die Outeur en Beindiger. Waardig is daardie Lam! Hy het Sy goedheid bewys deurdat Hy ons verlossing deur Homself gekoop het. Nou staan Hy in al Sy krag en al Sy heerlikheid met alle dinge wat aan Hom toevertrou is as Regter.

Ja, daar staan Hy tussen die kandellare, met die sterre in Sy hand. Dit is nag, want dit is wanneer ons lampe gebruik vir lig, en dit is wanneer die sterre wat skyn gesien word en die lig van die son reflekteer. En dit is donker. Die kerk loop deur geloof in die duisternis. Haar Heer het hierdie aarde verlaat maar die Heilige Gees skyn steeds deur die kerk, gee lig aan hierdie ou sonde-ervloekte wêreld. En daardie sterre reflekteer ook Sy lig. Die enigste lig wat hulle het is Sy lig. Hoe donker is dit - hoe geestelik koud. Tog wanneer Hy in die midde kom is dit lig en warm, en die kerk is bemagtig en deur Hom die werke wat Hy gedoen het.

O, dat ons 'n vlugtige blik van Hom kan kry soos wat Johannes het. Watter tipe mense behoort ons te wees, wat staan voor Hom op daardie dag!

As jy nie alreeds jou lewe aan Hom gegee het nie, mag jy jou hart na God draai hierdie oomblik, en kniel reg waar jy is, en vra Sy vergifnis vir jou sonde, en gee jou lewe oor aan Hom. Dan sal ons probeer om die Sewe Kerkeue tesame benader; en soos ons dit doen bid ek dat God hierdie onwaardige diensknege sal help om Sy Woord aan julle te openbaar.



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7